AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Deeltydse senior dosent:* ONDERWYSLEIERSKAP EN -BESTUUR

Nauurse afstandsmodel

Akademia is ’n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir die Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het vanaf Januarie 2026 ’n deeltydse pos vir ’n dosent in Onderwysleierskap en -bestuur in die Fakulteit Opvoedkunde beskikbaar. Die pos is nie kantoorgebonde nie en die dosent sal lesings op die nauurse afstandsmodel behartig.

## POSDOELSTELLING

’n Dosent is daarvoor verantwoordelik om hoëgehalteonderrig aan studente te bied deur innoverende klasaanbiedings en leerervarings. Die pos vereis dat akademiese take, navorsing en innovering asook akademiese gemeenskapsdeelname ywerig verrig word. Die vorming van studente tot volwaardige mense word hoog op prys gestel. ’n Dosent streef daarna om as leier in ’n vakgebied erken te word en streef verdieping in alle klasaanbiedings na.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- voorbereiding en dosering van die moduleinhoud
- kurrikulumontwikkeling
- navorsing op vakgebied ter ondersteuning van onderrig en leer, en professionele ontwikkeling
- opstel van assesseringsaktiwiteite in ’n kontakleeromgewing
- akademiese gemeenskapsdeelname
- lewering van bystand en akademiese ondersteuning aan studente

## POSVEREISTES

- ’n PhD-kwalifikasie in die genoemde deeldissipline of verwante deeldissipline (Kandidate wat beskik oor ’n MEd-kwalifikasie in Onderwysleierskap en -bestuur kan oorweeg word vir ’n aanstelling op dosentvlak.)
- professionele onderwyskwalifikasie
- hoëronderwyservaring van minstens vyf jaar in die onderrig van leierskap en bestuur in die onderwys
- ervaring in versnitte leer (*blended learning*)
- blootstelling aan en vorige gebruik van onderwysmedia
- kennis van en kundigheid in die elektroniese onderrig- en leeromgewing
- fokus op die reg, beleid en bestuur in onderwys (sterk aanbeveling)

## VAARDIGHEDE

- sterk verbale en geskrewe kommunikasievaardighede
- interpersoonlike vaardighede
- prioritiserings- en tydsbestuursvaardighede
- onafhanklik in ’n spanverband funksioneer
- inisiatief kan neem
- oplossingsgedrewe
- vermoë om werk onder druk te voltooi
- ingesteldheid om ’n ambassadeur vir Akademia te wees

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Slegs Afrikaanse CV’s sal aanvaar word. Aansoeke moet voor of op 31 Maart 2026 ingedien word. Stuur ’n e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.**

Akademia behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.




Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.

**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.